MOEDERKERK
KRUISKERK

Koördineerder van Tienerbediening

Moedergemeente maak hiermee die vakature bekend vir ‘n visionêre leier wat ons Tienerbediening kan koördineer. Die gemeente het die afgelope vier jaar ‘n goeie konsolidering en groei in ons Tienerbediening beleef en is geseënd met entoesiastiese leiers wat meewerk om hierdie bediening te laat floreer.

Posbeskrywing:

Die betrokke pos is ‘n twee jaar kontrakpos (termyn onderhandelbaar) en die suksesvolle aansoeker sal vir die volgende bedieningsareas verantwoordelik wees:

- Die visionêre en strategiese ontwikkeling van Moedergemeente se Tienerbediening
- Die identifisering, bemagtiging en mentorskap van leiers
- Die voorbereiding, koördinering en aanbieding van
  - ✓ Weeklikse UP-dienste op Sondag-aande,
  - ✓ Senior Kategese op Sondag-aande (Graadgroepe, Belydenisgroep en Matriekgroep),
  - ✓ Koffiekringe op Dinsdag-aande,
  - ✓ Midweek Madness op Woensdag-aande en
  - ✓ Kwartaallikse Impakgeleenthede
- Uitreike (bv Lesotho) en Toerustingsgeleenthede (bv #Imagine)
- Verhoudingsbou met tieners, ouers, skole, die gemeente, ander kerke en gemeenskapsorganisasies

Minimum kwalifikasies:

Afgestudeerdes of huidige studente in teologie of jeugwerk kwalifiseer om aansoek te doen vir hierdie pos.

Persoonsvereistes:

- ‘n Egte verhouding met die Here
- ‘n Agtergrond in en vereenselwiging met die Gereformeerde Teologie
- ‘n Missionale kerkbegrip
- Die vermoë om die boodskap van die evangelie kreatief en relevant vir jongmense oor te dra
- Die verantwoordelike hantering van tienerpastoraat
- Die vermoë om jongmense entoesiasties as Dissipels van Jesus toe te rus
- Goeie administratiewe vermoëns
- Vermoë om met verskillende belangegroepe te netwerk en effektief te kommunikeer in beide Afrikaans en Engels (ouers, gemeente, ander kerke, ensovoorts)

Vergoedingspakket is op ‘n TKVI basis en sal met die suksesvolle kandidaat op grond van ervaring, uitkomste en werksure onderhandel word. Skakel asseblief die kerkkantoor by 021 883 3458 om die vergoedingsvlakke te verneem voordat jy aansoek doen.

Stuur vir ons ‘n aansoek met jou volledige CV, twee referente en ‘n kort beskrywing (ongeveer 250 woorde) van jou benadering tot Tienerbediening. Ons ontvang dit graag teen Woensdag 12 September om 12:00 by kantoor@moederkerk.co.za

Navrae: Jan van Zyl 082 871 3155 of jan@moederkerk.co.za